

***Please locate and read the entire play – the monologue below is merely a suggested one.***

**Vrededorp** is a 2011 play by Charles Fourie

Hy was anders as die ander kinders. Hy't hom nie gesteur aan maatjies en skool en huiswerk nie. Hy was altyd in die moeilikheid, maar dit het nooit gelyk of hy dit eens weet nie.

Ek dink John het my gelaai. Hy't nooit so gesê nie, maar eendag, ons was in St 6, to sê hy hy wil my iets wys. Die aand, na kooroefening, toe kruip ons weg in die afrokkamer en hulle sluit die skool toe en ons gaan saal toe en John het sy sak by hom gehad. Hy haal 'n kers uit en steek dit brand en hy sit 'n tape in die masjien en hy trek sy hemp uit.

Ek staan teen die muur en John staan in die middle van die saal. En hy dans. Aanmekaar soos ek nog nooit gesien het nie.

Toe gaan die ligte aan en daar staan juffrou Scholz.

Sy skree: John, trek aan jou klere en wat gaan hier aan! Sy bel na ons huis toe en my pa kom my haal.

Maandag toe's John nie meer by die skool nie. Hoe lank terug? Is nou al amper dertien jaar.

Toe so 'n paar weke terug, toe's John in die koerant. Ek sien dit in die biblioteek. Hy's finalis in een van die Ballroom-goed in die Kaap en ek besluit ek gaan kyk.

Omdat ek vir John wil sien,

Omdat ek Pretoria Haat.

Omdat ek studente haat.

Omdat ek die H.O.D. haat.

Omdat ek lonely is.

Ek het net 'n paar goed by die flat gaan haal. My sak. En iets gemakliks om te dra.

Maar ek het niks geld nie. Dis hoe ek toe langs die N1 beland.